NOTULE.

U.K. VERGADERING GEHOU OP 15 JANUARIE 1960.

B U I T E L A N D.

11. MEJ. F. VAN NIEKERK, VERLOF: Na innige deelname betuig is met Mej. van Niekerk met die heengaan van haar vader, word verdere verlof aan haar toegestaan tot 15 Februarie 1960.

12. A. SHONGA, HUISBOU OF HUUR: Hierdie saak sal eers weer met Eerw. Hoffman bespreek word, aangesien die fondse dit op die oomblik nie toelaat nie dat gebou sal word.

13. MEJ. ZAHN, OOGKUNDIGE BEHANDELING: Hierdie saak word toegestaan. (Bylae 5)

14. MNR. VOIGT, AANSOEK: Die aansoek van Mnr. Voigt word goedgekeur. (Bylae 6)

RAADSKOMMISSIE NOTULE 4 EN 5 JAN. 1960:

15. Indiensname, Laer Primêre Onderwyseresse (4): „Laer Primêre onderwyseresse sal aanvaar word as algemene werksters. Verkieslik moet hulle 'n jaar Sendingopleiding te Wellington ontvang." Van hierdie besluit deur die Raadskommissie word hiermee kennie geneem.

16. MEJ. v.d. SPUY (Studieverlof): Aangesien Mej. v.d. Spuy met die afsterwe van haar moeder na die Unie terug moes kom, word aan haar 3 jaar studieverlof gegee. Sy mag aan die Pensioen voorregte bly deel hê.

17. TREKKERS KATETE (12): Hierdie saak word aan Prok. Naudé en Naudé vir afhandeling oorgedra.

18. GENEESHEER, VERLOF (24): Die versoek dat aan die Sendinggeneesheer driemaande verlof na elke twee jaar toegestaan word, word goedgekeur.

19. TENTATIEWE RAADSVERGADERING (25): Kennis word geneem dat die Raadsvergadering voorlopig as volg gereël is:

Ringsvergaderinge Ooste:		8 - 12 Junie.
Westelike Raad	:	14 en 15 Junie.
Oostelike Raad	:	21 tot 25 Junie.

Besoek aan stasies deur lede van deputasie 16 tot 20 Jun.

20. KLAVIER V.G. SKOOLSKENKING: Met waardering word kennis geneem van die skenking deur Mev. D. Kriel van haar klavier aan die V.G. Skool.

21. VERANDERDE REGLEMENT RUSHUIS LUSAKA (28): Van hierdie veranderde Reglement word hiermee kennis geneem (Bylae 7)

22. SEKONDÊRE SKOOL, KATETE (38): Hierdie saak staan oor tot e.v. S.A.S.K. vergadering.

23. STOWE ONDERWYSERSWONING (40): Oor hierdie saak sal eers later besluit word.

24. STUDIEREIS, JOH. PHIRI EN KALEB MADONGOLA: Kennis geneem dat hierdie reis nie goedgekeur word nie.

25. SERENJE SKOOL: Kennis geneem dat 'n onderwyser nou hier eers vir Junie 1961 benodig word.